

**Verstandige gebed**

Dankbaarheid kan 'n mens soms sonder woorde laat. Dan kan jy eenvoudig nie woorde vind om jouself uit te druk nie. Of die woorde wat jy wel het, skiet te kort om te sê wat jy wil sê. Het jy al as gelowige so iet beleef? Dat jy só oorstelp is van dankbaarheid, vreugde, en liefde dat jy nie mooi weet wat om te sê en hoe om dit te sê nie? Dat jy die liefde van God so oor en in jou voel dat jy in 'n hemelse taal oor die goedertierenheid van God wil sing?

Wanneer Paulus oor ongewone tale handel, is dit duidelik dat hy oor 'n vorm van gebed praat. "Iemand wat ongewone tale of klanke gebruik, praat nie met mense nie, maar met God" (vers. 2). In verse 13 tot 17 gebruik hy uitdrukkings soos "bid", "om die lof van die Here te sing" en "dankgebed". Dit gaan hier nie oor 'n vorm van verkondiging, gerig op mense nie, maar 'n vorm van gebed, gerig op God. Paulus staan nie negatief oor die spreek in tale as 'n gawe van die Gees nie. Hy sê selfs dat hy "graag wil hê dat julle almal ongewone tale of klanke gebruik" (vers 5). Maar hy stel dit ook nie as 'n vereiste dat jy dit móét kan doen nie. Hy gee wel sekere beginsels vir wanneer dit gebeur – daar moet iemand wees wat dit kan uitlê, en jou verstand moet daarby betrokke wees (verse 13, 15 en 28).

Hiermee beklemtoon die apostel die liefde. Wie in "hemelse taal" bid, kies nie bewustelik self die woorde nie. Die Gees lê dit as't ware in jou mond; jy sê onbegryplike dinge, verborgenhede (vers 2, OAV). Jou verstand is nie daaby betrokke nie. Daarom Paulus se opdrag: jy moet te alle tye met jou gees én met jou verstand bid; só bid dat ander jou dankbaarheid en liefde en vreugde kan hoor en daarop "amen" kan sê (vers 16); saam met jou kan sê: dit is waar en seker. Moenie – al is jy sprakeloos dankbaar – net aan jouself dink nie, sluit jou medegelowiges daarby in sodat hulle saam met jou kan bid en dank en sing tot lof van die Here!

Daarom, voordat jy bid, dink mooi na oor God se liefde vir jou in Jesus Christus; dink oor jou eie dankbaarheid en vreugde, bepeins dit – in jou gees, maar gebruik ook jou verstand. Só word jou gebed 'n profesie, verkondiging wat 'n ongelowige of buitestander in sy gewete aanspreek en hom tot selfondersoek bring (vers 24), sodat hy op sy knieë val, God aanbid en openlik getuig: "Waarlik, God is hier by julle!" (vers 27). Ja, bid verstandig, en bou so in liefde ook ander geestelik op (vers. 17).

*Sing: Sk. 9-4:1 (ou Sb. 21)*

*Ds Frans van Dyk (Keetmanshoop/Mariental)*